basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf en navorsing in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar(s) en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

   - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy (paragraaf)
   - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e) (kort opstel)
   - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

10. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1 Verwys na FIGUUR 1a en FIGUUR 1b. Vergelyk die verskillende benaderings van die kunstenaars.

Gebruik die volgende riglyne in jou bespreking:

- Onderwerp
- Invloede
- Lyn, vorm en kleur
- Plasing van die figure en geboue/strukture
- Skilderstyl
- Stemming/Atmosfeer (8)

1.2 Skryf 'n opstel oor EEN Suid-Afrikaanse kunstenaar wat sy/haar omgewing en eie ervarings van die alledaagse lewe uitbeeld.

Verwys na die volgende:

- Onderwerp
- Invloede
- Kunselemente
- Komposisie
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 1a: Willie Bester, ***Township Life (Township-lewe)***, gemengde media, datum onbekend.



FIGUUR 1b: David Hockney, ***American Collectors (Amerikaanse Versamelaars)***, akrielverf, 1968.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

| |
|---|
| Karel Appel het gesê dat sy emosionele uitdrukkings 'n middelposisie tussen orde en chaos inneem. |

2.1 Bespreek die stelling hierbo deur na Afrika en ander invloede in FIGUUR 2a en FIGUUR 2b te verwys.

Jy kan die volgende insluit:


- Vorms en simbole
- Kunselemente
- Moontlike betekenisse/boodskappe (8)

2.2 Bespreek EEN kunswerk deur EEN kunstenaar wie se werk deur Afrika beïnvloed word/is.


Gebruik die volgende riglyne in jou antwoord:

- Onderwerp
- Invloede
- Simbole
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 2a: Karel Appel, ***Angry Landscape (Ontstoke Landskap)***,
olieverf op doek, 1967.



FIGUUR 2b: Walter Battiss, ***Mother of the Tribe (Moeder van die Stam)***,
olieverf op doek, datum onbekend.

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

| |
|---|
| Kunstenaars gebruik 'n kombinasie van media en simboliek as 'n stem teen politieke en/of sosiale ongeregtighede in die samelewing om 'n dieper betekenis oor te dra. |

3.1 Analiseer FIGUUR 3a en FIGUUR 3b om kommentaar te lewer op hoe hierdie kunstenaars hul stemme van weerstand oorgedra het.

Jy kan die volgende riglyne gebruik:


- Onderwerp
- Media en tegniek
- Simboliek
- Moontlike betekenisse/boodskappe (8)

3.2 Bespreek die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hul kuns gebruik om boodskappe oor sosiale en/of politieke kwessies oor te dra.

Gebruik die volgende in jou antwoord:

- Onderwerp
- Invloede
- Kunselemente
- Media en tegniek
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 3a: Sam Nhlengwethwa, ***Shaft (Skag)***, collage en gemengde media, 1987.



FIGUUR 3b: Khaya Witbooi, ***Guns and Roses (Gewere en Rose)***,
olie- en spuitverf op doek, 2012.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| Die tradisionele Afrika-masker is nog altyd as 'n diep geestelike uitdrukking vir kulturele en godsdienstige seremoniële redes gebruik. Kontemporêre kunstenaars gebruik die masker op baie verskillende maniere. |
|---|

4.1 Bespreek hoe die tradisionele masker herinterpreteer is deur na FIGUUR 4a tot FIGUUR 4d te verwys.


Jy kan na die volgende verwys:

- Gebruik van herwinde materiaal
- Tegnieke
- Moontlike betekenisse/boodskappe (8)


4.2 Analiseer die werk van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat landelike kuns, kunsvlyt en/of geestelikheid verteenwoordig.

- Invloede
- Kunselemente
- Media en tegnieke
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)


**[20]**



FIGUUR 4a: ***Tradisionele Afrika-masker***, hout en verf, datum onbekend.



FIGUUR 4b: Edson Chagas, ***Tipo Passe (Paspoort***,***)***, datum onbekend.



FIGUUR 4c: Romuald Hazoumé, ***Dogon***, herwinde materiaal, 1996.



FIGUUR 4d: Cyrus Kabiru, ***C-Stunners series***, ***(C Stunners-reeks***), materiaal wat herwin en vir 'n ander doel ingespan is, 2012.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Die Toring van Babel in die Bybel was 'n toring wat na die hemel deur ryk, korrupte en materialistiese mense opgebou is. God het hul trots gestraf deur die toring af te breek en hulle te vonnis deur almal in verskillende tale te laat praat.

Ter ere van Buenos Aires, wat as die 2011 Wêreldboekhoofstad benoem is, het die kunstenaar, Marta Minujín, 'n toring van Babel geskep deur 30 000 boeke te gebruik wat van regoor die wêreld geskenk is. Besoekers word toegelaat om na die bopunt van hierdie struktuur te loop.

5.1 Bespreek Minujín se kunswerk in FIGUUR 5a.

Gebruik die volgende riglyne:

- Die betekenis daarvan om boeke van regoor die wêreld te gebruik
- Die grootte van die werk
- Vertoon van die kunswerk in 'n openbare ruimte
- Gebruik van ligging/plek
- Interaksie van die kyker
- Moontlike betekenisse/boodskappe (8)

.

5.2 Kunstenaars beeld dikwels hulle eie interpretasie van stories en mites uit en gebruik verskillende materiaal en tegnieke om 'n storie te vertel.

Bespreek EEN kunswerk van TWEE verskillende kunstenaars wat onkonvensionele/interessante media en tegnieke gebruik om 'n storie te vertel.

Gebruik die volgende riglyne:

- Lyn, vorm en kleur
- Media en tegnieke
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 5a: Marta Minujín, ***Tower of Babel (Toring van Babel)***, boeke, stellasies, 2011.



FIGUUR 5b: Besonderhede van boeke en konstruksie, 2011.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Zyma Amien se kunswerk bring hulde aan haar ma en ouma wat in die tekstielbedryf gewerk het. Die tekstielbedryf het die reputasie dat hulle vroue uitbuit deur hulle 'n minimum loon vir lang ure se werk te betaal.

6.1 Bespreek hoe Zyma Amien hierdie uitbuiting in haar werk uitgebeeld het deur na die volgende te verwys:

- Beskrywing van die werk
- Kleur
- Simboliek (6)

6.2 Baie demokratiese kunstenaars na 1994 se werk het uit hul eie persoonlike geskiedenisse ontwikkel, net soos Zyma Amien.

Bespreek die werk van enige TWEE relevante Suid-Afrikaanse demokratiese kunstenaars na 1994 wat hulle eie identiteite verken.


Jy kan na die volgende riglyne verwys:

- Onderwerp
- Invloede
- Kunselemente
- Komposisie
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (14)

**[20]**



FIGUUR 6a: Zyma Amien, ***Paying Homage (Huldeblyk)***, oorpakke gemaak van gaas en naaimasjiene uit verskillende tydperke, installasie, 2016.



FIGUUR 6b: Zyma Amien, ***Paying Homage (Huldeblyk)***, nabyfoto, 2016.

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

| |
|---|
| Die kontemporêre samelewing het 'n meer verdraagsame benadering tot geslagskwessies, wat kunstenaars toegelaat het om met stereotipes te breek. |

7.1 Dink jy die kunstenaars in FIGUUR 7a en FIGUUR 7b het met stereotipes gebreek?

Reageer op die stelling hierbo deur die volgende riglyne te gebruik:

- Visuele voorkoms/liggaamstaal
- Styl en tegniek
- Stemming en atmosfeer
- Interpretasie van geslagskwessies (10)

7.2 Die samelewing het bevooroordeelde idees oor manlikheid en vroulikheid.

Debatteer jou standpunt oor hierdie kwessie in 'n bespreking van die werk van TWEE kunstenaars wat op geslagskwessies in hul werk kommentaar gelewer het.


Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Onderwerp/Temas
- Invloede
- Media en tegnieke
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Andrew Salgado, ***Drawing Lesson (Tekenklas)***, olie- en spuitverf op doek, 2014.




FIGUUR 7b: Kehinde Wiley, ***The World Stage: Jamaica series (Die Wêreldverhoog: Jamaika-reeks)***, olieverf op doek, 2013.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Francois van der Merwe Argitekte en PKA Internasionale Argitekte het 'n intelligente regeringsgebou in Tshwane ontwerp. Groen-ster-status is aan hierdie gebou, wat beide die nuwe en die oue kombineer, toegeken. 'n Gedeelte van die Agrivaal-gebou is bewaar en die nuwe gebou 'haak' aan die ou gebou vas en beskerm dus Suid-Afrika se erfenis. |

Analiseer enige twee geboue wat jy hierdie jaar bestudeer het deur die volgende te beantwoord:

- Dink jy dit was 'n goeie idee van PKA Internasionale Argitekte om 'n gedeelte van die ou Tshwane-gebou by die nuwe ontwerp vir die Agrivaal-hoofkwartier te inkorporeer? Staaf jou antwoord deur na jou eie voorbeelde te verwys.
- Watter strukture het jou gekose argitekte in hulle geboue gebruik?
- Dink jy argitekte behoort dele van ou geboue te behou wanneer 'n nuwe struktuur gebou/ontwerp word. Staaf jou antwoord.
- Weerspieël jou gekose gebou Suid-Afrika se erfenis? Staaf jou antwoord.
- Materiaal
- Styl
- Moontlike invloede **[20]**

| | |
|---|---|
| **Groen-ster-beoordeling:** | Hierdie beoordelingstelsel verskaf 'n reeks groen maatreëls wat gebruik kan word in die ontwerp/ konstruksie van 'n gebou om dit meer volhoubaar te maak, byvoorbeeld water, materiaal, grondgebruik en ekologie, uitlatings en energie. |



FIGUUR 8a: Francois van der Merwe Argitekte en PKA Internasionale Argitekte,
***Agrivaal-hoofkwartier*** vir die Departement van Openbare Werke,
hoek van Hamilton- en Edmondstraat, Tshwane,
teëls, glas, siersteen, 2013.



FIGUUR 8b: Francois van der Merwe Argitekte en PKA Internasionale Argitekte,
***Agrivaal-hoofkwartier***, teëls, glas, siersteen, 2013 (interieur).

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou